# BULT

September 2006 Jaargang 54, Nr.3


## Biggest capital project ever

## Antieke mites weerlê



Universiteit van die Vrystaat
University of the Free State
Yunivesithi Ya Freistata

Nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat
News magazine of the University of the Free State




IN DEO SAPIENTIAE LUX

**UNIVERSITY OF THE FREE STATE • UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT • YUNIVESITHI YA FREISTATA**

P O Box 339, Bloemfontein 9300 • Tel: (051) 401 3000
E-mail: info.stg@mail.uovs.ac.za • www.uovs.ac.za

Redakteur / Editor:
Leatitia Pienaar
Tel: +27 51 401 9188
Faks / fax: +27 051 444 6393
*Pienaarajl.stg@mail.uovs.ac.za*
UV-webblad / UFS Website:
www.uovs.ac.za

Produksie / Production

Uitleg / Layout
Chrysalis Advertising and Publishing, Bloemfontein
082 728 4860
*armand@bfn.co.za*

Drukwerk / Printing
PrintAbility, Pinetown

*Bult,* nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. Bult word onder oudstudente, donateurs, sake- en regeringsleiers, meningsvormers en Kovsie-vriende versprei. Artikels mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

*Bult,* news magazine of the University of the Free State, is published by the Division: Strategic Communications at the UFS. Opinions expressed in the publication are not necessarily those of the Editor, the Division or the UFS. Bult is sent to alumni, donors, business and government leaders, opinion formers and Kovsie friends. Articles can be published elsewhere, with the necessary acknowledgement. Contact the Editor in this regard.

Adresveranderinge / Address changes
Stuur besonderhede aan / Send details to: Dawid Kriel
Posbus / P O Box 2319
Bloemfontein 9300
Tel: +27 51 401 3409
Faks / fax: +27 51 444 6391
*Dawid.stg@mail.uovs.ac.za*

# BULT inhoud

September 2006 Jaargang 54 Nr 3

## Nuus/News

4 UFS gets major capital injection
6 Mites oor die antieke Romeine, Grieke weerlê
8 Verband tussen emosionele intelligensie, posttraumatiese stres ondersoek
10 Leading the way with women's leadership programme
12 Kunshartklop sterk
14 Khoi en San vra regering om dialoog te bespoedig

## Monitor

16 'Skenkings moet verandering bring'
17 Prof. Heideman receives Fulbright Fellowship
15 UFS receives equipment that will help to analyse drugs in blood
18 Nuwe gesigte en vaarwel aan bekendes in die UV-Raad
20 Rector and chancellor call on business leaders in Johannesburg

## Our corporate friends

22 Businessmen impressed by how far the UFS has come
24 Amazing success with the Amazing Rainbow Rally

## Alumni


28 Groot Kovsie-kuier op die Teems

## Rubrieke/Columns

2 Briewe
26 Heengegaan
32 Blou Willem

Voorblad

Gradeplegtighede hierdie jaar het 'n ryke oes opgelewer.
Foto: Gerhard Louw.






Die Universiteit van die Vrystaat gaan in die volgende paar jaar groot bedrae aan kapitaalprojekte op die kampus in Bloemfontein bestee. Een daarvan is die uitbreiding en die herinrigting van die Chemie-gebou teen 'n bedrag van meer as R40 miljoen. Toerusting wat reeds die afgelope jaar vir Chemie bekom is, maak dit een van die top-chemiedepartemente in die land en in Afrika.

Baie van die nuwe kapitaalprojekte van die UV gaan op die sogenaamde Wes-kampus aangepak word. Van die groot projekte is twee astro-hokkievelde wat reeds onder konstruksie is, 'n beplande sokkerstadion en groot rekenaarlaboratoriums.

Lees meer hieroor op bl.4



# Briewe

## 'What a magnificent achievement'

### Prof. Tony Cubbin, 10 Patrick Duncan Road, Pietermaritzburg, writes:

Having received and appreciated your June edition of *Bult*, would you allow me to make two comments.

Firstly, may I sincerely congratulate my venerable Ph.D. supervisor, Prof. M.C.E. van Schoor, on the outstanding achievements of his children as reported in the June edition under the heading *Die appel van nie ver van die boom* (p.40).

Secondly, I couldn't help comparing the despairing comments of Dr P.H. Coetzee (p.2) with the amazing Ph.D.'s and master's as outlined on pages 8 and 9. The University of the Free State is making its renowned academic influence felt, not only in South Africa, but Africa. What a magnificent achievement.

## Te min nuus/balans vir gewone oud-studente

### Frikkie Bruwer, Oos-Londen, skryf:

Voorheen kon ek nie wag om die plastiekomhulsel van die *Bult* af te haal en die tydskrif woord vir woord te geniet nie.

Groot was my teleurstelling aan die einde van die Junie 2006-uitgawe, behalwe vir die derde bladsy (Huis President Steyn se koshuisfoto) en die laaste bladsy (Blou Willem se rubriek) om so 'n klomp oninteressante Kovsie-nuus en artikels te lees. Dit behoort 'n opwindende nuusblad vir oudstudente te wees, maar die balans was power.

Die grootste gedeelte van die *Bult* beslaan "hard core" akademiese en sake aangeleenthede, waarvan ek seker is slegs 'n handjievol akademici dit sal geniet. Toegegee, die UOVS *(die korrekte afkorting is UV – Red.)* is 'n akademiese instelling en erkenning aan prestasies moet uitgelig word. Maar werklik om 24 foto's van gradeplegtighede te vertoon waarvan feitlik almal oor doktors- en eredoktorsgrade gaan, vat die koek.

Ons wil darem in elke nuwe uitgawe van *Bult* nuwe gesigte ook sien, maar om nege foto's waarin die rektor verskyn te plaas, is te erg! Niks teen Prof. Frederick Fourie nie, maar hy verskyn in al die vorige uitgawes ook.

Verder is daar omtrent 46 foto's waarop net feitlik doktore en professore verskyn. Ons het niks teen hierdie baanbrekers nie, maar hulle oorheers die *Bult!*

Die meeste artikels is baie, baie vervelig en vereis geweldige inspanning om te waardeer. (Ons verstaan dit wel!) Artikels soos "Quality monitoring system for food industry underway". Dit hoort eintlik tuis in *Finansies en Tegniek/Landbouweekblad* of Weber-braaiboek. Of hoor hierdie een: "UFS hosts top Gauteng businessmen". Dit lyk vir my die redaksie hardloop uit aangename leesstof.

Om net bloot 'n akademiese opleiding te kry, is "boring". Daar is mos meer ander goed wat ook daarmee gepaard gaan, soos koshuislewe, intervarsity, koshuis-rugby, ontspanning, vermaak, ens. Julle moet onthou, oud-Kovsies se kinders lees ook die *Bult!* In die laaste uitgawe gaan julle geen studente lok nie. Miskien moet julle 'n aparte bylae by die *Bult* sit waar huidige studente die artikels skryf en foto's plaas.

Baie van ons het vergeet hoe lyk Pelliespark of hoe lyk die nuwe sportvelde, kafeteria, ens. Ons wil weer aan ons studentedae herinner word, ons wil nie dosente en dekane in geboue sien nie.

Moedig oud-Kovsies aan om foto's en artikels van hul studentedae in te stuur. Iets soos: Ek sal nooit vergeet hoe die leeus klokslag drie-uur in die oggend gebrul het in die dieretuin nie. Dit is nou wanneer ons L. O.-studente opgestaan het om te swot.

**Red:** Soos reeds voorheen aangedui (sien die vorige uitgawe van *Bult*, onder meer): *Bult* is die amptelike nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat. Sy hooftaak is om nuus oor die universiteit aan 'n teikengroepe – waaronder alumni – oor te dra. Sy funksie het reeds 13 jaar gelede verander van 'n alumni-blad na 'n nuustydskrif.

### Correction

The caption on p. 45 of Bult June 2006 must read: Graduates in the M.A. in Environmental Management and in Tourism Development with their supervisors are from the left: Mr Tjatja Mosia, Dr Hennie Claassen, supervisor, Mr Simphiwe Mbuli, Prof. Willem van Zyl, supervisor, Mr Michael Masondo and Mr Oupa Mosia.

## 'Kom ons hou Nasionale Kovsiedag'

### Hennie Pienaar, Sanlam Streekbemarking, skryf:

Ek skryf die nostalgie en verlange na ander Kovsies enersyds toe aan my ouderdom of dalk omdat ek 'n maand of wat gelede 'n baie lekker byeenkoms van oud-Reitzmanne hier in Bellville kon reël. My speurtog het 'n lys van in die 80 oud-Reitzmanne opgelewer,

maar soos dit maar gaan met "vergaderings" is dit soms moeilik om meer as "drie mense" bymekaar te kry. Dié aand het die nege ou manne opgedaag waarvan een in 1951 eerstejaar in die koshuis was (ek was toe maar een jaar oud!), maar 13 het verskoning aangeteken omdat ander verpligtinge gemaak het dat hulle nie die reünie-in-die-kleine kon bywoon nie.

Dié aand het ek ook opgemerk dat baie Reitzmanne in die straat bymekaar verbyloop, maar nié mekaar ken nie. Of dit nou die Cheetahs se wen Vrydag-aand was weet ek nie, maar dieselfde gevoel van verlange het die naweek oor my gespoel terwyl ek die skare in 'n sakesentrum in Bellville gade geslaan het.

Die gedagte het toe by my opgekom hoekom daar nie 'n Nasionale Kovsiedag is nie? Dié dag kan alle Kovsies een of ander teken dra (amper soos die rooi strikkie van vigs) om sodoende te wys dat hy/sy 'n oud-Kovsie is. Ek dink 'n mens gaan verras wees om te sien die persoon langs jou in die sakesentrum se gang, of die tafel langs jou in 'n restaurant, is ook "familie." Sover ek weet is daar nog nie so iets nie?

Kovsie-groete en Vrystaat BO!!!!

## 'Dit was die mense wat die koshuis gemaak het'

### Louis van der Watt, Jonkershoekweg 30, Stellenbosch skryf:

Baie dankie vir *Bult* wat ek van voor tot agter lees.

Die beriggie oor Huis Verwoerd se naamsverandering het my gedagtes laat teruggaan. Dit is vanjaar presies 30 jaar gelede dat ek as vars, onskuldige eerstejaartjie in Huis Verwoerd beland het. Watter besondere vier jare het ek daar deurgebring. Ek onthou die heilige vrees wat ek as eerstejaar vir "oom" Deon Liversage, Faan Minns en Hennie Hancke gehad het. Hulle het vir my maar baie wild gelyk. Ek het altyd die idee gehad eersgenoemde lê net op die wag in Noord Bo om op 'n niksvermoedende eerstejaar toe te slaan. Later het dit egter geblyk dat hulle doodgewone sterflinge was, en eintlik glad nie onaardig nie.

Ek onthou Chris van der Merwe, "Praaim" in my eerstejaar, se standaardformule waarmee hy elke kort huisvergadering (was dit Dinsdae net na middagete?) begin het: "Goeiemiddag menere! 'n Hartlike welkom aan 'n ieder en 'n elk (sic!) by vanmiddag se kort huisvergadering!" En verder was ons as eerstejaars verplig om, in ons pajamas, Haas Das se Nuuskas te kyk terwyl ons op die skerp kant van 'n baksteen sit. Ons moes ook elkeen 'n kussingsloop gereedhou, want as enige senior gereken het dat dinge op die Nuuskas nou té rof raak, skree hy net "SENSOR!" en dan moet ons die kussingslope oor ons koppe trek.

Ek onthou die lang huisvergaderings wat soms deurnag was, sodat ons vanuit die vergadering direk eetsaal toe gestap het vir ontbyt. By hierdie vergaderings het ek my dikwels half simpel gelag vir die manne se humor en sports. Wie is dit wat byvoorbeeld altyd grappe vertel het oor hoe vuil sy "roemie" is? Verder onthou ek Andries Domburg se onuitputlike en aansteeklike sin vir humor. Sy "Boelandse" weergawe van "My hart verlang na die Boland" onder die stort terwyl ons gereed maak vir die Huisfunksie was onvergeetlik.

Sêr-aande was ook iets spesiaals. Agterna tel ons sêr-briewe om te sien wie die meeste gekry het. Kiepie Terblanche het gewoonlik net-net meer as ek gekry – 'n regte haan onder die henne...

Spesiaal was ook wanneer ek laat in die nag terugkom van SR-vergadering af, en ek sien van ver af dat my "Roemie", Valter Neumann, se lig nog brand. Dan weet ek ons gaan nou eers 'n koffie maak en dik stukke gesels oor die lewe, meisies, koshuisdinge, ens...

## Mnr. Johan Botha (83) van Lynn East, Pretoria, deel nog van sy staaltjies:

Nie een van my tydgenote het gedrink óf gerook nie, om twee redes: Ons was in beginsel daarteen, want dit benadeel jou karakter en jou gesondheid; en ons het nie geld gehad vir so iets nie. Ons moes elke pennie druk tot die trane uit Jan van Riebeeck se oë loop voordat ons hom uitgee.

Die meeste van ons moes vir ons studies betaal met geldjies wat ons andersins sou uitlewe, of wat ons van klein salarisse moes afknyp. Ander het met geleende geld gestudeer.

Ek het nou nog my eerste aanstellingsbrief as onderwyser aan Grey Kollege. Daarin word gesê ek word aangestel met 'n salaris van £180 per jaar, dus £15 per maand en omdat £3 afgetrek is vir terugbetaling van studieskuld, het net £12 oorgebly.

Daardie dae se tjeks het sulke ponsgate aan die linkerkantste kwart van die vormpie gehad. Gevolglik het een van my kollegas op 'n dag opgemerk: "Ek is seker as ek die tjekvormpie in 'n pianola druk en aan die gang sit dit sal speel: "Moet ek gaan met leë hande?"

## Geskiedenisboek in finale stadium van afronding

Dié pragboek, *Van sink tot sandsteen tot graniet: Die Universiteit van die Vrystaat se eerste 100 jaar,* word later vanjaar bekendgestel.

## History book in finishing stages of completion

The impressive book *From Grey to Gold: The first 100 years of the University of the Free State* will be launched later this year.



# UFS gets major capital injection



During the ceremonial kick-off of the biggest construction project in the history of the UFS, were from the left: Ms Vuyiwe Mkhupha (Manager of Sikeyi Construction), Prof. Frederick Fourie (Rector and Vice-Chancellor of the UFS) and Prof. Steve Basson (Head of the UFS Department of Chemistry).

The biggest single construction contract is the refurbishment of the Chemistry Building.

With the first sod turned for the refurbishment of the Chemistry Building, the University of the Free State is embarking on the biggest capital investment in the history of the university. If everything goes according to plan, more than R250 million will be injected into the campus in Bloemfontein in the next few years.

The biggest single construction contract to the value of R40 million is the refurbishment of the Chemistry Building. The contractors are Ströhfeldt Construction, in a joint venture with Sikeyi Construction, a black empowerment partner. The contract comprises the extensive modernising, refurnishing and extension of the Chemistry Building. This is the highest amount the UFS has ever spent on the refurbishing of a building.

At the sod turning ceremony of the Chemistry Building project, Prof. Frederick Fourie, Rec-





Concrete is poured into the foundations of an extention of the Chemistry Building.

tor and Vice-Chancellor of the UFS, said: "Natural scientists need the necessary equipment, apparatus and laboratories to be able to practise world-class science. Three years ago the UFS top management made a strategic decision to focus strongly on research and on our laboratories and lecture halls."

"I regard this project as a symbol of our investment in science and the academy," he said.

A number of initiatives have contributed to the fact that the UFS Department of Chemistry is one of the foremost chemistry departments in the country:

- Expensive equipment and apparatus to the value of almost R20 million were acquired by the department in the past year, following an allocation of R12 million by the university for this purpose;
- The basis of this is a strategic partnership with Sasol, the biggest research and development institution in the country;
- The purchase of the most advanced 600MHz nuclear magnetic resonance spectrometer in Africa;
- The purchase of a single crystal X-ray diffractometer; and
- The purchase of a differential scanning calorie meter, used to test the effect of heat on chemicals. This apparatus utilises some of the most advanced detectors in the world.

Other major projects that the UFS will embark on in the next couple of years, will be:

- Two astro hockey fields already under construction and due to be completed by the end of 2006.
- A soccer stadium that can be ready to the 2010 Soccer World Cup
- A PC laboratory building
- Test venues in the old student's building
- Refurbishment of the Biotechnology Building
- New or redesigned residences
- Rag/Jolkol where students can socialise and build rag floats in customised facilities (and without the noise spilling over to the residential areas)
- Upgrading of the Van der Merwe Scholtz Hall
- Entrance gate and parking at the Agriculture Building, with security guard house
- Taxi rank at Thakaneng Bridge
- Streets and parking areas on the West Campus
- Infrastructure and major maintenance projects on the West Campus

Most of the new developments will take place on the West Campus, west of the UFS Sasol Library.

Prof. Fourie said that the UFS spent almost R100 million in the last 5 years to renovate the Main Campus. New buildings such as Thakaneng Bridge were built and others such as the Reitz Dining Hall was renovated and converted into the Centenary Complex.

"These projects, together with the refurbishment of the Chemistry Building, also show how the UFS contributes to the development and growth of not only Bloemfontein, but also how we invest in the Free State," said Prof Fourie.

Ms Edma Pelzer, Director: Physical Resources and Special Projects said, in a recommendation to the UFS Council, that the stage had been reached where strategic priorities required major investment in facilities. The Financial Turnaround Strategy made it possible to do something about the accumulated needs in respect of physical facilities from the operational budget. Outside funds were also available for some of the restorations.

# Mites oor die antieke Romeine,



Die Stalsprys vir Interdissiplinêre spanwerk is tydens die onlangse bekroningsplegtigheid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan twee UV-akademici – proff. Louise Cilliers van die Departement Engels en Klassieke Tale, en François Retief, stigtersdekaan van die Mediese Fakulteit en oud-rektor van die UV – toegeken.

Hul samewerking is uniek aangesien dit twee wyd-uiteenlopende rigtings byeenbring wat normaalweg nie in Suid-Afrika met mekaar in verband gebring word nie, naamlik Geneeskunde en Geesteswetenskappe (Latyn en Grieks). Die Geskiedenis van Geneeskunde, meer spesifiek die Geskiedenis van Antieke Geneeskunde, is egter die afgelope dekade of twee 'n baie lewendige navorsingsterrein in die VSA en Europa waaroor talle kongresse aangebied word en artikels gepubliseer word, maar ook daar sou so 'n kombinasie van navorsers wat spesialiste op hul vakgebied is, uitsonderlik wees, aangesien sodanige navorsing gewoonlik deur óf historici, óf afgetrede medici, óf klassici wat Grieks en Latyn ken, aangepak word, maar nie in kombinasie nie.

Hierdie projek het in 1997 begin met 'n heel terloopse vraag van die klassikus aan die ex-dokter oor wat die oorsaak sou kon gewees het van die plaag wat Athene in die jaar 430 v.C. getref het. Die simptome is 2 500 jaar gelede opgeteken deur die Griekse geskiedskrywer Thucydides, maar oor die diagnose word daar reeds vir 25 eeue lank 'n debat gevoer. Vir hierdie eerste gesamentlike artikel het prof. Cilliers met haar kennis van Grieks en Latyn die bronne bymekaargemaak en vertaal, die ex-dokter het die diagnose gemaak, en saam is daar besluit oor die aanbiedingswyse en taal, die teikengroep en tydskrif, wat die *modus operandi* vir die volgende 10 jaar geword het.

Die twee ondersoekers het die afgelope 10 jaar saam interessante weë bewandel. 'n Paar *post mortem's in absentia* is van die talle temas wat hulle behandel het:

- So byvoorbeeld is die teorie dat Kleopatra selfmoord gepleeg het deurdat sy haar deur 'n slang laat pik het, waarskynlik nie waar nie, aangesien dit onmoontlik sou gewees het om so 'n groot slang wat haar en haar diensmeisies se dood kon veroorsaak, in haar goedbewaakte toring in Alexandrië in te smokkel.
- Alexander die Grote weer is nie met strignien vergiftig soos sekere bronne suggereer nie, en hy was ook nie 'n alkoholis wat homself dood gedrink nie (alhoewel dit 'n bekende feit is dat die Masedoniese soldate swaar drinkers was), maar hy is waarskynlik dood aan malaria wat in daardie stadium endemies in Babilonië was.
- Die rol van die vroulike geneeskundige in die antieke wêreld (algemene praktisyn en vroedvrou) was nooit ingrypend nie, maar studies toon verrassend genoeg dat sy in vele opsigte toe meer aanvaarbaar was as in pre-moderne tye.
- Ander interessante bevindings is dat loodvergiftiging nie, soos sekere skrywers beweer, een van die redes vir

# Grieke **weerlê**

die val van die Romeinse Ryk in die Weste was nie, alhoewel dit 'n gesondheidsgevaar was in soverre loodpype vir watertoevoer gebruik is, kombuisware dikwels van lood of piouter gemaak was (wyn is byvoorbeeld in straatkafees in loodhouers verhit) en dit selfs in medisynes gebruik is. Trouens, die gemiddelde loodvlak in die bevolking destyds was maar die helfte van dié van die inwoners van dieselfde gebied vandag.

- Die twee navorsers het ook bevind dat kanker reeds in die 5de eeu v.C. deur Hippocrates beskryf is. Toe reeds is daar onderskei tussen verskillende soorte tumors en dié wat *karkinômata* genoem is, het 'n slegte prognose gehad.
- Verder is bevind dat die bekende storie dat die berugte Herodes die Grote wat die kindermoord in Betlehem gepleeg het, 'n stadige, pynlike dood gesterf het met wurms in sy verrottende ingewande. Dit was 'n tipiese tema wat destyds in die literatuur ingevoeg is om gehate tiranne se dood te beskryf. In die geval van Herodes is dit egter nie so vergesog nie, en sou dit 'n verband kon toon met terminale kroniese nierversaking wat waarskynlik die primêre oorsaak van sy dood was.
- Die mediese redes vir Jesus se kruisdood is ook ondersoek – waarskynlik is Hy dood weens progressiewe versmoring (weens die feit dat Hy met sy arms omhoog nie behoorlik kon asemhaal nie) en hipovolemiese skoktipies van die kruisigingsproses, beëindig deur kardiale arres.
- Die effek van die Christendom op die ontplooiing van wetenskaplike geneeskunde was aanvanklik positief, maar in die Middeleeue het die kerk later ongelukkig 'n beduidend negatiewe invloed op geneeskunde gehad, onder meer vanweë die verbod op disseksies omdat die liggaam as die tempel van God beskou is.



Prof. François Retief en prof. Louise Cilliers.

Wat begin het as 'n interessante, terloopse ondersoek het ontwikkel in 'n projek waarin meer as 40 artikels die afgelope 10 jaar in geakkrediteerde plaaslike en oorsese tydskrifte gelewer is. In 2005 is 'n seleksie van hierdie artikels gepubliseer onder die titel *Health and Healing. Death and Disease in the Graeco-Roman World* (*Acta Theologica Supplementum* 7), met prof. Francois Tolmie as redakteur. Te oordeel aan die positiewe kommentaar is hiermee 'n veld in Suid-Afrika betree wat vir Jan Publiek interessant was. Dit het ook die byvoordeel gehad dat die interessante Grieks-Romeinse wêreld wat die basis van ons Westerse beskawing is, bekendgestel is aan leke – een van prof. Cilliers se ideale.

Op die vraag waarom hulle hulle bemoei met die stowwerige lyke van lankgestorwe Grieke en Romeine, het die twee navorsers geantwoord dat hulle hulself in die antieke geneeskunde verdiep het vanweë hul belangstelling in die sosio-kulturele lewe van die antieke tyd, ten spyte daarvan dat hulle bewus is van die gevare verbonde aan retrospektiewe diagnose en van die feit dat siektebeelde oor die eeue heen kan verander.

"Mens kan wel nie soos 'n Hippokrates van ouds by die siekbed van 'n sterwende Griek staan nie, maar uit die oorgelewerde geskrifte van dokters, geskiedskrywers en andere, kom mens van hierdie perspektief naby aan die *mens* in die antieke tyd. Eerstens die *pasiënt* – dit is veral interessant om beroemde/berugte heersers, helde en skurke se siektes en doodsoorsake te ondersoek en uit te vind dat hulle ook maar mense soos ons was. Keiser Augustus wat die konstitutionele grondslag vir die magtige Romeinse Ryk vir die volgende 500 jaar gelê het, is dood aan iets alledaags soos koors en diaree," sê die twee navorsers.

'n Ondersoek na die antieke bronne bring interessante inligting na vore: dit blyk dat siektes destyds nie as biologiese entiteite beskou is nie, maar "geskep" is deur die skrywer, afhangend van sy tydsomstandighede, kulturele milieu en status in die samelewing – kennis van die tydgenootlike sosiale en kulturele agtergrond is dus noodsaaklik.

Proff. Cilliers en Retief kon in verskeie gevalle, soos die ondersoeke na kanker en epidemies in die antieke tyd, die grense van die mediese geskiedenis verder uitskuif met hul navorsing.

# Verband tussen posttraumatiese stres



Dr. Henriëtte van den Berg en me. Marisa de Villiers.

Kwesbaarheid vir posttraumatiese stresversteuring wissel van kind tot kind.

Suid-Afrika word as een van die gewelddadigste lande ter wêreld beskou, met kinders wat aan toenemende hoë vlakke van geweld blootgestel word. Statistieke toon aan dat tot soveel as 70% van Suid-Afrikaanse kinders aan minstens een traumatiese gebeurtenis blootgestel is tydens hulle kinderjare. Dit is aansienlik hoër as die 40% tot 45 % wat vir Amerikaanse kinders gerapporteer word.

Die blote aanskouing van geweld deur kinders kan as 'n sielkundige trauma geklassifiseer word. Daar kan dus verwag word dat gereelde direkte blootstelling selfs 'n meer skadelike uitwerking op kinders sal hê. Posttraumatiese stresversteuring onder kinders word gediagnoseer op grond van die volgende moontlike simptome: herbelewing van die gebeurtenis (byvoorbeeld terugflitse en nagmerries), verhoogde opwekking (gespannenheid), geïrriteerde gemoed, vrees om alleen te wees, sowel as angs wat gekenmerk word deur woede-uitbarstings, emosionele afstomping en onttrekking.

Minder as 25% van kinders wat blootgestel word aan traumatiese insidente ontwikkel posttraumatiese stresversteuring. Dié diskrepansie tussen die aantal kinders wat blootgestel word aan trauma, en dié kinders wat simptome het van posttraumatiese stresversteuring, beklemtoon dat talle kinders wat aan traumatiese insidente blootgestel word oor genoegsame veerkragtigheid beskik om van die trauma te herstel.

Blootstelling aan geweld kan vir enige kind traumaties wees, maar die kwesbaarheid vir posttraumatiese stresversteuring wissel van kind tot kind. Verskeie persoonlike en sosiale faktore lewer 'n bydrae om kinders in staat te stel om suksesvol aan te pas na 'n traumatiese gebeurtenis. Goeie sosiale vaardighede, selfvertroue, optimisme, "coping"-vaardighede en gesinsondersteuning dra by tot 'n meer effektiewe hantering van baie stresvolle gebeurtenisse.

Die soort traumatiese insident speel ook 'n belangrike rol – dit wil voorkom asof verkragting, gesinsgeweld en herhalende blootstelling aan traumatiese gebeure tot 'n groter mate van posttraumatiese stres by kinders kan lei. Kenmerke van gemeenskappe, soos 'n gebrek aan struktuur, bendes, beskikbaarheid van wapens, beperkte hulpbronne en konflik kan ook die risiko om trauma te beleef by kinders verhoog, wat ook die risiko vir aanpassingsprobleme en gedragsprobleme by kinders verhoog.

Die rol van emosionele intelligensie as 'n eienskap wat bydraes gelewer het tot beter aanpassing

# emosionele intelligensie, ondersoek

en stresweerstandigheid het ook in die laaste dekade baie aandag gekry. In me. Marisa de Villiers se studie is die rol van emosionele intelligensie as 'n faktor wat bydra tot die vermindering van posttraumatiese stres by getraumatiseerde kinders ondersoek. Emosionele intelligensie verwys na vyf breë vaardighede: intrapersoonlike vaardighede (soos emosionele bewustheid, assertiwiteit, selfagting, selfaktualisering en onafhanklikheid), interpersoonlike vaardighede (soos interpersoonlike verhoudings, sosiale verantwoordelikheid, empatie), aanpasbaarheid (insluitend probleemoplossing, realiteitstoetsing en buigbaarheid), streshantering (strestoleransie en impulsbeheer) en algemene gemoed (geluk en optimisme).

'n Projek is in 2003 by die Departement Sielkunde onder leiding van dr. Henriëtte van den Berg aangepak om ondersoek in te stel na faktore wat kinders se weerstand teen posttraumatiese stres verhoog. Twee magisterstudente in Kliniese Sielkunde het ingeskakel by dié navorsingsprojek. Mev. Jana Niehaus het reeds in 2004 haar ondersoek na die rol van gesinsondersteuning en faktore by die bevordering van stresweerstand by getraumatiseerde kinders voltooi en het reeds die resultate in 2005 in 'n geakkrediteerde tydskrif publiseer. Mev. Marisa de Villiers het in November 2005 'n ondersoek voltooi na die invloed van emosionele intelligensie as 'n faktor wat bydra tot die vermindering van posttraumatiese stres by getraumatiseerde kinders.

'n Groep van sewentig getraumatiseerde kinders tussen die ouderdomme van 10 tot 12, is by die ondersoek betrek. Dié kinders is almal afkomstig uit die groter Bloemfontein omgewing en was almal slagoffers van meer as een traumatiese insident wat minstens 'n jaar voor die ondersoek plaasgevind het. Elke kind in die groep is individueel getoets met behulp van die BarOn Emosionele-intelligensievraelys en 'n posttraumatiese-stresvraelys. Individuele onderhoude is ook met elke kind gevoer om te bepaal of daar enige simptome van posttraumatiese stresversteuring teenwoordig is.

Na die ondersoek is die volgende belangrike gevolgtrekkings gemaak: Sestig persent van die traumatiseerde kinders in die groep het aan al die kriteria van 'n posttraumatiese stresversteuring voldoen. Dit is aansienlik hoër as die ongeveer 20% van getraumatiseerde kinders wat volgens literatuur posttraumatiese stresversteuring ontwikkel.

Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die meeste van al die kinders in die groep meer as een traumatiese gebeurtenis beleef het en dat sommige van die kinders ook slagoffers van verkragting en gesinsgeweld was. Die dogters in die groep het ook hoër vlakke van posttraumatiese simptomatologie presenteer as seuns.

Emosionele intelligensie as geheel het nie 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die weerbaarheid van kinders teen die ontwikkeling van posttraumatiese stres nie. Een van die komponente van emosionele intelligensie, naamlik streshanteringsvaardighede het egter 'n belangrike bydrae gelewer tot laer vlakke van posttraumatiese stres by die groep kinders. Strestoleransie as komponent van emosionele intelligensie hou verband met die vermoë om die eise van die omgewing en die situasie suksesvol te hanteer. Lae vlakke van strestoleransie kan egter tot verhoogde angs lei en aanpassing by stresvolle gebeure belemmer. Wanneer 'n kind van 'n verskeidenheid streshanteringsmeganismes soos probleemoplossingsvaardighede, beplanning en goeie kommunikasievaardighede gebruik maak en emosioneel bedrewe is om gevoelens uit te druk, kan traumatiese en destruktiewe gebeurtenisse meer suksesvol hanteer word.

Die praktiese implikasies van die navorsing is dat die belangrikheid van implimentering van ondersteuningsprogramme vir slagoffers van traumatiese gebeurtenisse beklemtoon word. Intervensieprogramme by skole wat daarop gerig is om alle kinders toe te rus met meer effektiewe streshanteringsvaardighede is ook baie belangrik. 'n Belangrike uitvloeisel uit hierdie projek is 'n projek wat ten doel het om 'n program te ontwikkel wat getraumatiseerde kinders help om stresvolle omstandighede meer effektief te hanteer.

Mev. De Villiers het ook tydens die ondersoek aan die betrokke maatskaplike werkers terugvoer verskaf oor elke deelnemer se simptome ten einde die maatskaplike werker bewus te maak van die aard en omvang van probleme wat die kinders ten opsigte van hulle aanpassing ervaar. Sodoende kan die nodige stappe geneem word om die kinders te laat inskakel by 'n toepaslike intervensieprogram. Daardeur is gepoog om die studie ook tot die voordeel van die deelnemers, sowel as die instansies wat na hulle omsien, te laat strek.

# Leading the
# with women's leadership
# program



A workshop on the role on women in the workplace was presented by the MBA Alumni at the UFS. The guest speakers were Ms Louisa Mojela (Chief Executive Officer of Wiphold) and Prof. Johann Coetzee (professor extraordinary at the UFS School of Management). Seen here are, from the left: Prof. Coetzee, Ms Mojela, Prof. Helena van Zyl (Director of the UFS School of Management) and Mr Pieter du Toit (Chairperson: UFS MBA Alumni).

More and more women are entering managerial and leadership positions in South Africa.

The Centre for Business Dynamics at the UFS, in collaboration with Thinking Fusion, a Gauteng based company, has developed a unique development programme for women specifically aimed at preparing them for full participation as managers and leaders.

This is the most comprehensive programme of its kind that distinguishes between the development of men and women in terms of leadership development.

"More and more women are entering managerial and leadership positions in South Africa. Because of the various demands on women, those in leadership positions find it difficult to lead a balanced life and they experience a conflict of roles," said Mr Danie Jacobs, Head of the UFS Centre for Business Dynamics.

"In certain cultures a woman is expected to act in a strict traditional way and, although these women have very little power at home, they often occupy leadership positions at the office. Some women's progress in the company is fast-tracked because of equity requirements. These women are often left in middle-management without any further development because they lack certain knowledge and skills," said Mr Jacobs.

"The aim of the programme is to empower and equip these and other women with the required skills and competencies to really succeed in their new roles. It also aims at transforming organisations to become truly integrated and representative of the full diversity spectrum of South Africa," said Mr Jacobs.

According to Mr Jacobs, women make up 41% of the working population in South Africa, occupying 14,7% of executive management positions and 7% of company director positions. The representation of women in government will also increase significantly over the next few years. "Women are a sector of the work-force that is growing rapidly and they must be given the skills and competencies to perform optimally," said Mr Jacobs.

"The programme was launched in March this year, and we aim to put a thousand women who are in managerial positions or targeted to become managers through the training. Some of our clients at this stage include FNB, ABSA and Eskom," said Mr Jacobs.

# way

# me

The programme is presented in-house to groups of 15 to 25 female managers or women targeted to become managers. The duration is 15 full days and the programme can be presented over a period of six months or condensed over shorter periods.

"Most leadership development programmes fail to produce leaders because they teach leadership theory, concepts and principles and only promote leadership literacy and not competence. This is a programme with a different philosophy that focuses on building skills, gaining knowledge within context, developing personal wholeness and opportunities to practice these skills. It is done from the premise that although leadership cannot be taught, leadership can be learned," said Mr Jacobs.

The programme addresses leadership skills, management issues and career enhancing strategies distinctly from a female perspective and includes specific skills, attitudes and knowledge that will help women in professional careers to ease the burden of balancing their professional work environment and their personal home environment.

"Inevitably women carry the roles across home and work boundaries which can cause them to lose touch with their own sense of belonging and membership to any system. The programme also analyses the barriers that impede women's access to management and leadership positions in general, and assists them in envisioning ways to challenge these obstacles," said Mr Jacobs.

# Like father, like son



A three-year old boy from Welkom, Kearabetswe Mokoena, stole the show at the spring graduation ceremony of the University of the Free State in Bloemfontein. He was dressed in an exact replica of the academic outfit worn by his father, Mr Ketseletso Mokoena, who obtained his LL.B. degree from the UFS. The outfit was made by Kearabetswe's mother, Mrs Ennie Mokoena. From the left are Mr Mokoena, his son Kearabetswe, and Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the UFS.

# Most M degrees in Physics



Five master's degrees in Physics were awarded during the University of the Free State's (UFS) spring graduation ceremony in Bloemfontein. It is the biggest group of master's degrees in the past 20 years awarded during a graduation ceremony at the UFS Department of Physics. From the left are: Richard Harris, Puleng Ramoshebi, Prof. Hendrik Swart (Head of the UFS Department of Physics), Lisa Coetsee and Etienne Wurth. Gerhard Olivier was absent when the photo was taken.

# Kunshart klop **sterk**



**Die hart van die kampus in Bloemfontein het vanjaar met die Volksblad-kunstefees weer vuurwarm geklop. Die fees is 'n gesamentlike projek van die Universiteit van die Vrystaat en Volksblad.**

**Dit was 'n tyd om te smul, te kuier, te luister, of sommer net met die jongste modegiere te spog.**



‘Bart’ van 7de Laan-faam maak ’n jong bewonderaar baie gelukkig.




Dramastudente van die UV in ’n produksie.



Op die sukses. Die mense wat hulle glasies hier om hoog hou, is van links: prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Akademiese Bedryf, mnr. Jonathan Crowther, Redakteur van Volksblad, en me. Doks Briers, hooforganiseerder van die fees.

# Khoi en San vra
# om dialoog te bespoedig



Van die gaste wat die lesing bygewoon het, is van links: Prof. Gerhardt de Klerk (Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe aan die UV), mnr. Cecil le Fleur en prof. Heidie Hudson (Voorsitter: Departement Politieke Wetenskap aan die UV).

Mnr. Cecil le Fleur, leier van die Nasionale Khoi-San Oorlegplegende Konferensie en lid van die uitvoerende bestuur van die Nasionale Khoi-San Raad, het 'n beroep gedoen vir die instelling van 'n nasionale beleid oor inheemse mense wat die menseregte en spesiale behoeftes van Suid-Afrika se inheemse mense kan beskerm.

Mnr. Le Fleur het die 38ste C.R. Swart-gedenklesing aan die Universiteit van die Vrystaat oor die Khoi en San gelewer. Hy het die UV geprys vir die ernstige wyse waarop die instelling die Khoi en San benader en vir inisiatiewe soos 'n navorsingsprojek oor die Griekwa waarin verskeie aspekte rakende die Griekwataal, -kultuur, -geskiedenis, -leierskap, hul rol in die Suid-Afrikaanse samelewing (verlede en hede) en die bewaring van hul kultuurhistoriese erfenis aangespreek sal word.

"Die beleidsdialoog met inheemse gemeenskappe wat in 1999 deur die regering geïnisieer is en ondersteun is deur die Internasionale Arbeidsorganisasie, is baie stadig weens politieke en burokratiese probleme," het mnr. Le Fleur gesê.

Volgens mnr. Le Fleur het die stadige pas byna 'n negatiewe impak op die Verenigde Nasies (VN) se pogings om internasionale standaarde en meganismes vir menseregte uit te brei om sodoende die spesiale behoeftes van inheemse mense in te sluit.

"Die suksesvolle aanvaarding van 'n Suid-Afrikaanse beleid sal waarskynlik 'n groot impak hê op die menseregtekultuur in Afrika, en veral op die VN-sisteem," het hy gesê.

"Suid-Afrika het 'n kragtige morele gesag en is gewillig om dit in multilaterale forums te gebruik. Tot tyd en wyl die Suid-Afrikaanse kabinet nie sy eie plaaslike beleidstandpunt opgelos het nie, neem die Suid-Afrikaanse Departement van Buitelandse Sake egter nie 'n amptelike standpunt in oor die VN se instrumente en verklarings oor inheemse kwessies nie," het hy gesê.

Volgens mnr. Le Fleur het dit daarom as 'n groot verrassing gekom toe die Departement van Buitelandse Sake positief gestem het in die VN vir die aanvaarding van die Konsepdeklerasie oor die Regte van Inheemse Mense in Junie 2006, selfs nog voordat die beleidsproses voltooi is.

Beleidsbevestiging in Suid-Afrika is die primêre sleutel tot die skepping van 'n nuwe beleidsklimaat in Afrika om sodoende die regte van inheemse mense te beskerm. "Die bestaande grondwet van die Republiek van Suid-Afrika is een van die mees liberale op die kontinent en spreek die herstel van onreg van die vorige bedeling aan. Dit sluit alreeds 'n klousule

# regering

in wat voorsiening maak vir die taalregte van die Khoi- en San-mense – die eerste mense van suidelike Afrika," het hy gesê.

"As Suid-Afrika hierdie 'derde generasie' van kollektiewe regte effektief kan integreer binne 'n bestaande demokratiese grondwet, sal dit 'n duidelike boodskap aan Afrika en die wêreld stuur dat inheemse regte 'n belangrike komponent van mense- en burgerlike regte in die moderne demokrasie is," het hy gesê.

Mnr. Le Fleur het 'n institusionele raamwerk voorgestel wat gebaseer is op vasgestelde beginsels wat die behoeftes en aspirasies van die Griekwa en ander inheemse mense van Suid-Afrika tevrede sal stel. "Die voorgestelde raamwerk is gebaseer op die begrip van kwesbaarheid as 'n resultaat van kolonialisme en apartheid, wat ons van ons inheemse identiteit, kulturele identiteit en trots as mense ontneem het."

Volgens mnr. Le Fleur, moet die voorgestelde meganisme voorsiening maak vir strukture soos:

- 'n Statutêre verteenwoordigende raad vir Eerste Inheemse Mense van Suid-Afrika op 'n nasionale vlak;
- 'n Aparte Staande Komitee oor Inheemse en Tradisionele Aangeleenthede, beide die Nasionale Vergadering en Nasionale Raad van Provinsies waarop die Khoi en San verteenwoordig kan word;
- 'n Verteenwoordigende struktuur vir die Khoi en San in die provinsiale wetgewer van elke relevante provinsie; en
- *Ex officio* lidmaatskap in die relevante strukture van toepaslike plaaslike regerings.

## UFS receives equipment **that will help to** analyse drugs in blood



The Department of Chemistry at the University of the Free State and Farmovs-Parexel received three mass spectrometers valued at R6 million from Applied-Biosystems (Canada), one of the biggest suppliers of mass spectrometers in the world. The apparatus will be used in the department's research projects on bioanalytical and bioprospecting in the search of new drugs for indigenous biodiversity. The UFS Department of Chemistry and Farmovs-Parexel have been working together closely for the past two years to develop new bioanalytical methods to analyse drugs in blood. Standing next to one of the mass spectrometers are, from the left: Prof. Herman van Schalkwyk (Dean: Faculty of Natural and Agricultural Sciences), Dr Irene Kamara (senior lecturer at the UFS Department of Chemistry), Dr Kenneth Swart (senior director and head of the bioanalytical section of Farmovs-Parexel), Mr Uwe Völlkopf (Business Development Manager of Applied Biosystems, Canada), and Prof. Jan van der Westhuizen (head of the organic chemistry division at the UFS Department of Chemistry).

## UV oortref rekord tydens lente-gradeplegtigheid

Die Universiteit van die Vrystaat het vanjaar die meeste grade nog tydens sy lente-gradeplegtigheid toegeken. Altesaam 1 048 grade en diplomas is aan studente van die Vista- en Hoofkampus in Bloemfontein toegeken.

Dit het meegebring dat die gradeplegtigheid oor twee dae, pleks van die gebruiklike een dag, plaasgevind het.

Vanjaar is 163 meer grade en diplomas toegeken as in 2005, toe 885 toegeken is. Altesaam 606 grade, 413 diplomas en 29 doktorsgrade is toegeken.

# IIDE wil in Afrika 'n veskil maak

Dit is vir die Europese donateurs belangrik dat skenkings aan Afrika 'n verandering aan mense se lewens op die vasteland moet bring en die International Institute for Development and Ethics (IIDE) kan 'n belangrike rol in hierdie opsig speel, sê prof. Sytse Strijbos van die Vrije Universiteit van Amsterdam.

Hy is ook lid van die Afrika-tak van IIDE wat hierdie jaar sy beslag op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat gekry het.

Die IIDE is gevorm deur groepe wat geïnteresseerd is in internasionale samewerking en ontwikkeling. Die oogmerk is om 'n toonaangewende wetenskaplike instituut te word wat navorsing doen, publikasies uitgee, evaluering doen en opleiding verskaf. Die fokus is op konseptuele en normatiewe aspekte van ontwikkelingsprosesse in Afrika suid van die Sahara, en konsentreer sterk op etiese aspekte van ontwikkeling en ontwikkellingsverhoudings.

Prof. Strijbos sê dit is belangrik vir skenkerlande dat skenkings daadwerklike veranderinge aan mense se lewens op voetsoolvlak moet bring. Hulle wil 'n balans tussen skenker- en ontvangerlande bewerkstellig.

Ds. Kiepie Jaftha, Hoofdirekteur: Samelewingsdiens by die UV en ook voorsitter van IIDE, sê die IIDE wil veranderinge tot voordeel van mense op alle vlakke van die samelewing bewerkstellig. Die IIDE is onafhanklik en interdenominaal, Afrika-gebaseer en Christelik in sy wese. Sterk kontak sal gehou en uitgebou word met die internasionale kerkgemeenskap, navorsingsnetwerke, die sakewêreld, regeringsagentskappe en skenkerorganisasies.



Prof. Sytse Stribos van die Vrije Universiteit van Amsterdam en ds. Gertjan Bruijn van die Stigting Paulus.

Benewens die Vrije Universiteit, is die Noordwes-Universiteit en die Instituut vir Kultuur en Etiek in Nederland ook betrokke. Die Stigting Paulus in Nederland is ook 'n belangrike vennoot in die projek en ook een van die aanvanklike navorsingsopdraggewers. Die Stigting Paulus fokus op projekte met 'n ekonomiese onderbou wat transformasie kan bevorder.

Ds. Jaftha sê die IIDE wil betekenisvol bydra tot die geestelike en materiële welvaart van verarmde, onderdrukte en verwerpte mense in Afrika suid van die Sahara. Dit kan gedoen word deur akademiese kennis en praktiese ervaring tot almal se voordeel in te span. Die feit dat van die 27 armste lande in die wêreld 20 in Afrika is en dat meeste van die lande met die swakste prestasie ten opsigte van menslike ontwikkeling ook in Afrika is, maak die behoefte aan sulke intervensies voor die handliggend.

"Dit is baie belangrik om nie net na die nood en lyding van Afrika en se mense te kyk nie. Afrika is 'n dinamiese kontinent, aan die beweeg en hy kan 'n bydrae tot die wêreld maak," sê ds. Jaftha.

Verskeie projekte – onder meer in die Vrystaat – is reeds geïdentifiseer waaruit die plaaslike gemeenskappe voordeel sal trek.

# **Prof. Heideman receives** Fulbright Fellowship



Prof. Neil Heideman

Prof. Neil Heideman, Vice-Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, was awarded a Fulbright Senior Researcher Fellowship to visit the laboratory of Prof. Jack Sites, a fellow herpetologist at Brigham Young University, Utah, in the United States of America (USA), from October 2006 to January 2007.

The Fulbright programme is a flagship programme of the US government which focuses on the exchange of international experts in a variety of educational activities such as advanced research and university lecturing.

Prof. Heideman is a herpetologist by training and specialises in functional morphology and ecology of lizards. Over the past years he has been focusing mainly on legless fossorial skinks of which South Africa has a very high diversity.

Prof. Heideman will use the opportunity to develop an understanding of the application of micro satellites (short repetitive sequences in DNA molecules) to population genetics questions. In recent years micro satellites have become the marker of choice for measuring genetic variability in populations as well as a host of other demographic parameters. Prof. Sites has extensive experience in the application of the technique and is therefore an ideal candidate to spend time with. Although not new to South Africa, the country's capacity in the use of micro satellites is still very limited, being essentially non-existent among herpetologists.

Prof. Heideman says: "South Africa has a great diversity of reptiles. We have the third richest lizard fauna in the world after Australia and Mexico, and levels of endemism are extremely high at 36 percent. Seventy six reptile taxa (species and subspecies) were listed in the South African Red Data Book for Reptiles and Amphibians in 1988, a figure which is obviously outdated and probably higher today. Red Data Books focus attention on species experiencing some degree of threat, including possible extinction. No attention was, however, given to the genetic variability of populations, despite this being important for identifying evolutionary significant units and therefore meaningful conservation management units."

## Minister stel Prof. Magda op rade aan



Prof. Magda Fourie, Viserektor: Akademiese Beplanning aan die Universiteit van die Vrystaat, is deur die Minister van Onderwys, me. Naledi Pandor, op die Raad vir Hoër Onderwys, en op die Umalusi-raad, wat verantwoordelik is vir gehalteversekering van algemene en verdere onderwys en opleiding, aangestel. Beide aanstellings is vir vier jaar.

# Nuwe gesigte en vaarwel **aan bekendes in die UV-Raad**

Die UV-Raad het in Junie 2006 nuwe lede verwelkom en ook afskeid van twee raadslede geneem.

Daar is afskeid geneem van dr. Vicky le Roux en mnr. Jan Grobler, albei lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad. Saam het hulle 39 jaar op die raad gedien.

Me. Cheryl Gillwald is deur die Minister van Onderwys aangestel as ministeriële verteenwoordiger in die plek van prof. Shirley Walters. Uit die godsdiensgemeenskap is vader Patrick Towe, 'n Rooms-Katolieke priester van Bloemfontein, aangewys. Vader Towe is lid van die Missionary Oblates of Mary Immaculate en ook voorsitter van die UV se kerkbediening.

Adv. Mauritz Randlehoff, mede-ondervoorsitter van die Kovsie-Alumni Bond en ondervoorsitter van die Kovsie-Alumni Trust, is deur die UV-alumni aangewys as een van sy drie verteenwoordigers op die raad. Die alumni het ook regter Faan Hancke, Voorsitter van die UV-Raad, vir 'n tweede termyn herkies.

Mnr. Klippies Steenkamp is deur die donateurs herkies as een van sy twee verteenwoordigers. Hy was onder meer voorsitter van die Kovsie-Alumni Bond en stigterslid van die raad van trustees van die Kovsie-Alumni Trust.



Afskeid geneem van raadslede: Hier is (van links) dr. Vicky le Roux en mnr. Jan Grobler, albei lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad, regter Faan Hancke, Voorsitter van die Raad, en Prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier van die Universiteit van die Vrystaat.

## Good corporate governance **in local government**



The Faculty of Law at the UFS presented a workshop with the auditing firm KPMG on enhancing good corporate governance in local government. Some of the people who attended the workshop were, from the left: Mr Peter Maloka (Chairperson of Committees: Free State Provincial Legislature), Mr Kevin West (Director of KPMG), Prof. Dave Lubbe (UFS Centre for Accounting), Ms Mamikie Qabathe (Chairperson of the Portfolio Committee on Local Government and Housing), Adv. Jannie Lubbe (Director of KPMG, Bloemfontein and extraordinary professor in the Research Unit for Economic Crime at the UFS), and Adv. Jaco de Bruin (Research Unit for Economic Crime at the UFS).

# UFS and National Museum sign agreement




A memorandum of agreement was signed between the University of the Free State and the National Museum. In the agreement the two institutions give each other access to the education and research facilities of the other in the natural sciences and the humanities. Although informal cooperative agreements have existed between the UFS and the National Museum for a while, this is the first time that a formal agreement is signed. Present at the signing of the agreement were, from the left: Mr Rick Nuttall (Director of the National Museum), Prof. Magda Fourie (Vice-Rector: Academic Planning at the UFS), Ms Kelebone Mokuena (council member of the National Museum), and Rev. Kiepie Jaftha (Chief Director: Community Service at the UFS and member of the National Museum's council).

## UFS researcher now Vice-President of SARIMA



Dr Aldo Stroebel, senior researcher at the UFS Research Development Directorate, has been appointed as Vice-President of research at the Southern African Research and Innovation Management Association (SARIMA). With the appointment, a mandate was given to Dr Stroebel to professionalise research and innovation management, and to facilitate international partnerships and strategic alliances within the higher education sector. He has also been appointed as a director of SARIMA.

## Regter Hefer vereer vir prestasie

Die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV het 'n cum laude-toekenning aan regter Joos Hefer gemaak vir die prestasie wat hy behaal het om die eerste regter in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te word aan wie die Toon van den Heever-prys vir regswetenskap toegeken is. Hy is ook die eerste oud-dosent en alumnus van die fakulteit wat hierdie gesogte prys ontvang. Prof. Johan Henning, Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid (links) aan die UV, en regter Hefer tydens die oorhandiging van die cum laude-toekenning.



# Rector and chancellor call on business leaders in Johannesburg

The Rector, Prof. Frederick Fourie and Chancellor of the University of the Free State, Dr Franklin Sonn, met with a select group of guests at the Johannesburg Country Club on Wednesday, 14 June 2006. The aim of this event was to inform the business community in the economic hub of South Africa, of the latest developments at the UFS.



Prof. Helena van Zyl and Mr Millard Arnold (Murray & Roberts)



Mr Willem Theron (left) and the Rector and Vice-Chancellor, Prof. Frederick Fourie.




Dr Ivan van Rooyen (Director: UFS Marketing), left, talks to Ms Ilné du Toit and Mr Issie Kirsh from Primedia.



Mr Millard Arnold, Ms Heather Sonn and the host of the evening, Dr Franklin Sonn, Chancellor of the UFS.

# Architecture students compete nationally



Three groups of third-year architecture students from the UFS were amongst the 21 groups country wide who participated in the national Des Baker Competition. The competition was held at the Tshwane University of Technology. The students had to look at specific requirements for buildings in rural communities and the project also had to be a catalyst for community development.

Here is one of the groups with a scale model of projects suggested for the UFS Paradys Experimental Farm outside Bloemfontein. The projects range from the building of ablution blocks for the existing houses to new single quarters and a small community centre. From the left are, front: students Jonathan Marais and Charles de Jager, back: from the left are Ms Petria Jooste-Smit (lecturer at the UFS Department of Architecture), Prof. Herman van Schalkwyk (Dean: Faculty of Natural and Agricultural Sciences), and Ms Amanda Smith (UFS Paradys Experimental Farm).

# MBA students learn from the best



A diverse group of top business people are conducting guest lectures at the MBA classes presented by the School of Management in the Faculty of Economical and Management Sciences at the UFS. Mr Laurie Dippenaar, Chief Executive Officer from FirstRand, Mr Ton Vosloo, Chairman of Naspers, and Ms Renosi Mokape, Deputy-Governor of the South African Reserve Bank, conducted some of the lectures. Here are, from the left: Prof. Helena van Zyl (Director of the UFS School of Management), Mr Jonathan Crowther (Editor of Volksblad) and Mr Ton Vosloo.

# Centre for Accounting excels in CA examination

The Part 1 of the Qualifying Examination (QE 1) results of the South African Institute of Chartered Accountants (SAICA) examinations was released in June 2006. The Centre for Accounting at the University of the Free State obtained an 86% pass rate among first-time writers in 2006 in comparison to the 60,17% national average. The pass rate of all the candidates (from first time to fifth time) was 62% for the Centre for Accounting in comparison to the 41,5% national average. Amongst the candidates that passed were 1 African, 2 Coloureds and 1 Indian. The total number of CA's who qualified this year and did their undergraduate studies at the UFS amounted to 60.

# Businessmen impressed
# by how far the



Hosting the group of corporate guests who visited the university were, from the left, front: Mr Tsolo Diale (CSI Consultant), Mrs Margot Coote (Dell Foundation), Mr Eric Ratshikopha (Executive Director: Xtrata Coal); middle: Prof. Frederick Fourie (Rector and Vice-Chancellor) Mr Stranger Kgamphe (Secretary-General: Unesco Commission), Mr Sandile Zungu (Managing Director: African Vanguard), Mr Ted Coote (Dell Foundation); back: Mr Ndaba Ntsele (CEO: Pamodzi), Mr Mxolise Mbetsi (Chairperson: Industrial Development Group), and Prof. Teuns Verschoor (Vice-Rector: Academic Operations).

None of the guests left the Free State with the same view they had when they had arrived that morning.

On Thursday, 10 August 2006, the University of the Free State played host to eight corporate guests from Gauteng, who spent the day getting better acquainted with the campus, the management as well as some of the research and community service projects.

Mr Eric Ratshikopha (Executive Director: Xtrata Coal), Mr Ndaba Ntsele (CEO: Pamodzi), Mr Sandile Zungu (MD: African Vanguard), Mr Stranger Kgamphe (Secretary-General: Unesco Commission), Mr Mxolise Mbetsi (Chairperson: Industrial Development Group), Mr Tsolo Diale (CSI Consultant), and Mr Ted and Mrs Margot Coote of the Dell Foundation were taken on a tour of the university.

The day commenced with a campus tour to the Department of Biochemical, Microbial and Food Biotechnology, the Department of Chemistry, a brief visit to the Faculty of Economic and Management Sciences and the School of Management. The group also visited the Thakaneng Bridge, the offices of the SRC and the Dean of Students as well as the UFS Sasol Library, including a visit to the Unit for Students with Disabilities.

A lunch with the management and other guests was followed by a visit to the Faculty of Health Sciences and to the Mangaung-UFS Community Partnership Programme (MUCPP). The day concluded with an interesting and entertaining programme at the Boyden

# UFS has come



Mr Ted Coote and Mrs Margot Coote enjoy some refreshment with the UFS Boyden meter telescope in the background.



Prof. Letticia Moja, Dean of the Faculty of Health Sciences and Mr Stranger Kgamphe engage in conversation over lunch at the Premier Protea Hotel, Bloemfontein.

Observatory. None of the guests left the Free State with the same view they had of the university and its activities than when they arrived that morning.

This was the second of a series of visits by the corporate sector to the university and is part of a relationship-building initiative between the UFS and the business sector.

## Afrox bursary holders **get acquainted with benefactor**



At the lunch with Afrox were, from the left: Ms René Naidoo (Branch Manager: Afrox Bloemfontein), Ms Sanchia Fairweather (B.Com.Hons. student in Business Management), Ms Tsidi Lephasha (B.Com.Hons. student in Marketing), and Ms Ilse Olivier (Development Manager, UFS); back: Mr Johan Botha (Branch Services Manager: Afrox Bloemfontein) and Prof. Kobus Lazenby (Business Management, UFS).

African Oxygen Limited (Afrox) has long been a loyal financial supporter of the University of the Free State. This company is well-known for supplying gases used to make iron and steel products and is also used in fire extinguishers and for water purification, in hairspray, air-conditioning units and light bulbs. Many restaurants, pubs and hotels use their product as well as almost every hospital in Sub-Saharan Africa.

None of which came up for discussion at a luncheon on 2 August 2006; the first day in many years that snow fell in Bloemfontein. And as could be expected, there was much talking and discussing this spectacular event! The luncheon was held to give the Bloemfontein Branch Manager of Afrox, Ms René Naidoo, a chance to become better acquainted with the two recipients of Afrox bursaries for honours students.

Financial support for students, especially those doing postgraduate degrees, is one of the areas where funding from the corporate sector is much needed and highly valued. Ms Ilse Olivier, Development Manager UFS, said: “Postgraduate students often do not have the avenues of financial support available to them that undergraduate students have. That is why this contribution from Afrox is so vital and it is hoped that many more bursaries for postgraduate students can be negotiated, also from other corporate companies.”

# Amazing success with the Amazing Rainbow Rally

By Ilse Olivier



The two teams from Department of Pediatrics and Child Health take a welcome break. From the left is, front: Dr Elsa van der Merwe, Dr Arina van der Byl and Prof. André Venter, Head of the Department of Pediatrics and Child Health; back: Dr Jan du Plessis and Dr Pieter de Waal.


Liezl Liebenberg and Karien Jordaan from OFM discover just how difficult it is to get a rugby ball over the poles, while Rudi Herbst and Pieter Venter from the Aucor team, and Rossouw Dreyer from Medi-Clinic, look on.

This year's race was physically challenging and teams had to muster every ounce of energy they had.

It all started with 38 people running around in the Children's Ward of the Universitas Hospital, looking for a clue. Once they had their clue, they were back in their cars and on their way to the next checkpoint; flags waving, Powerade in hand and armed with lots of enthusiasm and spirit. The annual Amazing Rainbow Rally had begun!

The Amazing Rainbow Rally is presented by the Department of Pediatrics and Child Health and UFS Marketing, in collaboration with OFM, a media sponsor. The event is based on the American television series, the *Amazing Race* and involves teams racing through Bloemfontein, visiting various checkpoints, all hosted by the Bloemfontein business sector, and completing challenges before receiving their next clue.

This year's race was physically challenging and teams had to muster every ounce of energy they had. However, fitness wasn't the only requirement to complete the challenges! At Protea Hotel Bloemfontein and Pretty Garden Lifestyle Centre, a little more was required in terms of creativity and artistic talent!

Teams got to know the Thakaneng Bridge a little better, thanks to the Standard Bank challenge, and at Shimla Park most of the female participants learnt that kicking a rugby ball through the poles is not as easy as Willem de Waal makes it look! BMW product knowledge was tested at BMW Sovereign and teams had to muster the latest cell phone technology at Nashua Mobile.



The winners of this year's Amazing Rainbow Rally, Martin van Zyl and Elsabé Kelly-Gliddon from Mimosa Mall.



Annerie van Niekerk from Avis Fleet Services tries to topple one of the coloured bowling pins at the bowling alley in the Windmill Casino, while Nic van Wyk from UFS Marketing looks on.

Running, and not shopping, was the order of the day at Mimosa Mall. However, shopping skills were tested at Checkers Hyper where participants had to fill a shopping basket with an exact amount of groceries.

The final checkpoint was at the Windmill Casino, where teams had to topple a coloured bowling pin, wash a stranger's car window at the garage and gather a number of puzzle pieces from all the retailers at the Casino. The Mimosa Mall team emerged victorious, with the Aucor team in second place.

OFM, who also entered two teams, kept OFM listeners informed of what was happening during the race.

Ms Ilse Olivier, Development Manager, UFS said: "An event such as this is impossible to arrange without the generous support of sponsors and checkpoint participants, brimming with enthusiasm and creativity. Without participants willing to sacrifice an afternoon chasing around Bloemfontein and completing this year's challenge, the Amazing Rainbow Rally could never have happened.

"The Department of Pediatrics and Child Health and UFS Marketing, would like to thank every sponsor, checkpoint, participant and team for their participation."

The Amazing Rainbow Rally

### The teams were:

- ABSA
- Aucor
- Avis Fleet Services
- Department of Pediatrics (2 teams)
- Faculty of Health Sciences
- Horn & Van Rensburg Attorneys
- Kovsies SRC
- Medi-Clinic
- Mimosa Mall
- OFM (2 teams)
- Old Mutual
- Pathcare
- Rennies/Avis
- Standard Bank
- University of the Free State
- Vodacom

### The checkpoints were:

- The Department of Pediatrics in the Universitas Hospital
- Protea Hotel Bloemfontein
- Pretty Garden Lifestyle Centre
- Standard Bank, Kovsie Campus
- Shimla Park (Pathcare)
- Sovereign BMW
- Nashua Mobile
- Mimosa Mall
- Checkers Hyper
- Windmill Casino (end point)

### The sponsors were:

- OFM
- Premier Protea Hotel Bloemfontein
- Coca-Cola
- DigiPix
- PricewaterhouseCoopers
- Bains Game Lodge
- Wimpy
- Wyeth
- Standard Bank
- Pathcare
- Medi-Clinic



# Kovsie Dux-student kry **Abe Bailey-beurs**

Phillip du Preez (21), 'n student van die Universiteit van die Vrystaat, vertrek later vanjaar op 'n opvoedkundige toer van drie weke na die Verenigde Koninkryk as deel van die Abe Bailey-toerbeurs wat aan hom toegeken is. Die beurs word jaarliks aan 'n student of junior dosent, wat uitstaande leiereienskappe toon aan elk van die 15 residensiële universiteite in die land, toegeken. Mnr. Du Preez is 'n derdejaarstudent in MB.Ch.B. en was lid van die Hoofkampus se Studenteraad vir 2005/2006. Hy is ook vroeër vanjaar aangewys as die Kovsie Dux-student vir 2006.

## Heengegaan

Our deepest sympathy goes with family and friends of UFS staff who passed away recently:

- **Ms Mpho (Lolo) Muriel Ramabodu,** supervisor in the Maintenance Department at the Qwaqwa Campus, passed away in August 2006.
- **Ms Beatrice Bongekile Lupindo,** Human Resources Practitioner at the UFS Main Campus in Bloemfontein, passed away in August 2006. She was previously from the Vista Campus. She worked for more than ten years for the university.
- **Mr Metlholo Samuel Thokoane** of Physical Resources who passed away in June 2006. He had almost 25 years of service for the university.
- **Prof. Robert Snowdowne**, Head of the Department Orthopaedics, passed away earlier this year.

Our condolences also to family and friends of **Mr Tumelo Ismael Moseia**, a B.A. student in the Faculty of Humanities at the Qwaqwa Campus, who passed away.

**Prof. Dirk Groenewald (62)**, programdirekteur van die program Mens- en Samelewingsdinamika aan die UV, is in Junie 2006 aan 'n hartaanval oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou, Helen, vier kinders en ses kleinkinders.

**Prof. Theodor Arndt (78)**, uroloog wat die eerste nieroorplanting in die Vrystaat gedoen het, is na 'n lang siekte in Bloemfontein oorlede. Hy het bygedra tot die stigting van die Departement Urologie aan die UV. Hy word oorleef deur sy vrou, Annemarie, vier kinders en vyf kleinkinders.

**Mnr. Harold Boucher** van Welkom is oorlede. Hy was in 1974 'n eerstejaar in Reitz-kamerwonings.

**Mnr. Dawie Branken (84)** is oorlede. Hy was 'n oud-inwoner van Huis Abraham Fischer en het in die 1940's aan die UV studeer. Hy was met sy aftrede argivaris in die Staatsargief in Pretoria.

**Mev. Alma Strydom (51)**, adjunkhoof van die Laerskool Staatspresident Swart, Kimberley, is in haar slaap oorelede. Sy word oorleef deur haar man, Kobus, en twee kinders.

**Prof. W.J. Strydom** is na 'n lang siekte oorlede. Hy was 'n inwoner van Reitz-kamerwonings. Hy het sy B.Sc.-graad in 1966 aan die UV gekry. Later jare was hy aan die Universiteit van die Noorde en Medusa verbonde. Hy laat sy vrou, Jeannet, drie kinders en een kleinkind agter.

**Me. Minette Albertse (25)** is in Julie by haar ouerhuis oorlede. Sy was 'n naelloper en het verskeie provinsiale en nasionale rekords agter haar naam. Sy word oorleef deur haar ouers, ds. Willie en mev Midia Albertse, en twee broers.



**Mnr. Hubert Beuken** is in Julie vanjaar oorlede. Hy het sy eie onderneming in Richardsbaai gehad. Hy word oorleef deur sy vrou, Ina, en twee kinders.

**Mrs Dalene Stockenström (98)** passed away in March this year. She is survived by het grand daughter Carolyn, and a great grand daughter.

# Mangaung alumni **plan for year ahead**

By Lucas Radebe

The Mangaung executive committee of Kovsie Alumni held a strategic planning session at the Village Boiketlo Guest house recently. A group of 25 influential people from the private sector and government attended this planning session to analyse the involvement of former black graduates of the University of Free State and to find ways to attract them to participate in alumni activities.

The Alumni Association is a platform whereby alumni can engage in university matters. Participants of the planning session discussed opportunities available to members as well as some of the restraining factors. Opportunities available to alumni are the expertise of members, its contribution to transformation, dialogue and mentorship. Restraining factors include limited focus, the Afrikaans versus English mentality and failure to merge alumni branches which is seen as derailing transformation.

As part of the strategy to recruit members, the committee presented a breakfast on 28 September 2006 with Gayton McKenzie as guest speakers. Another event not to be missed is the year-end gala on 15 December 2006. A prominent figure, Mr Chose Choeu, executive director of Microsoft South Africa, will be the guest speaker at this occasion.

The mission of the Mangaung alumni is to become a leading branch. This will be achieved through effective communication and activities that focus on individual growth and development.



Mr Jerry Modibedi, chairperson of the Mangaung branch of the Kovsie Alumni Association.

## Blou Willem **ontvang nuwe** vuurwa




Blou Willem Theron ontvang met 'n breë glimlag die sleutels vir sy Duitse vuurwa van Stephan Schutte van John Williams Motors in Bloemfontein. Dié motor is tot sy beskikking gestel om landswyd nuwe donateurs vir die Kovsie Alumni Trust te werf. John Williams Motors skenk verder 'n R1 000 vir behoeftigheidsbeurse by Kovsies vir elke motor wat deur oud-Kovsies by hulle gekoop word. Blou Willem sê: "Van al die motor se goeie eienskappe, is die FS-nommerplaat met die cheetah op vir my die mooiste!"

## Gee besonderhede en wen wyn

Ons herinner alle oud-Kovsies aan die geleentheid om met 'n "hik" in jou stap weg te loop! Kovsie Alumni gee elke maand 'n Alumni Trust-wyngeskenkpak weg aan 'n oud-Kovsie wat die meeste besonderhede van 'n vriend/e vir ons aanstuur. Die geskenkpak bestaan uit 'n rooiwyn (Cabernet Sauvignon/Shiraz) en 'n droë witwyn (blanc de blanc) van die Landzicht-wynlandgoed. Al wat jy moet doen om dié prys te wen is om soveel moontlike ander oud-Kovsie-vriende/vriendinne se kontakbesonderhede na alumni@mail.uovs.ac.za te e-pos of na 051 401 3758 te faks, met die woorde "Naam-kompetisie" as onderwerp! Om te kwalifiseer moet die persoon se volle name en van, jaar wat hy/sy eerstejaar was, sowel as selfoonnommer en e-posadres aangedui word. Stuur sommer nou daardie besonderhede!

# Groot Kovsie-kuier op die Teems

Deur Ilse Olivier



Agt oud-studenteraadslede van 2000/2001 het die reünie bygewoon. Van links is Martin van Rooyen, Hannes Sliep (Hopper), Liezl Colditz, Anli Bosman, Jakes Maritz, Nelia Bornman, Suzanne Mulder en Charlé Aucamp.



Oud-Kovsies kuier op die Teems, met Big Ben in die agtergrond.

Op Saterdag 15 Julie 2006 is Londen behoorlik rooi geverf deur ongeveer 130 oud-Kovsies wat die jaarlikse Londen Kovsie-reünie bygewoon het. Altans, die eerste 100 oud-Kovsies wat vanjaar vir die reünie bespreek het, het elkeen 'n rooi universiteitserp ontvang en dié serpe is waarskynlik nou nog om die nekke van 'n paar kanniedood-Kovsies!

Die reünie het sommer vroeg afgeskop met 'n groep oud-Kovsie Cheetah-ondersteuners wat saam na die Curriebeker-wedstryd tussen die Vodacom Cheetahs en die Westelike Provinsie in die Temple Walkabout-sportkroeg op die Teemsrivier gaan kyk het.

Daarna het hulle by die Embankment-pier aangemeld waar later nog oud-Kovsies by die groep aangesluit het en toe kon die feestelikheid behoorlik begin. 'n Partyjieboot, die *Mercia* is gehuur vir die aand en het om 19:00 die pier verlaat vir die vaart van vyf ure op die Teems.

Liezl Colditz, reünie-organiseerder, het die oud-Kovsies verwelkom en terugvoer gegee oor die huidige stand van sake aan die UV. Die oud-Kovsies was beïndruk met die nuwe fisiese ontwikkelinge op die kampus, en die nuus oor die verandering van Huis Verwoerd se naam, asook die feit dat die tydperk van koshuisinwoning in die toekoms beperk sal word, is veral bespreek. Oor die algemeen is die oud-Kovsies baie ingenome met die stand van sake aan hulle alma mater.

Hierdie jaar se Londen Kovsie-reünie is deur die UV, Expat Group (hoofborg) en Dynarc Finansiële Dienste moontlik gemaak. Oud-Voorsitter van die SR en bestuurder van die Expat Group, Jakes Maritz, het ook die reünie bygewoon en is hartlik bedank vir die groot bydrae wat sy maatskappy gemaak het om die aand 'n sukses te maak. Die Afrikaanse groep Klopjag was die gaskunstenaars vir die aand.




Die eerste 100 Kovsies wat plek op die boot bespreek het, het

Teen 23:30 was die boot terug by Embankment-pier, maar vir sowat 50 oud-Kovsies was dit nog nie die einde nie. Daar is verder in die Walkabout saamgekuier tot die vroeë oggendure.

Daar is geen twyfel dat die Londen Kovsie-reünie een van die mees geslaagde reünie-byeenkomste elke jaar is nie. Daar word gehoop om hierdie tradisie – waar oud-Kovsies vir 'n paar uur lank 'n stukkie Vrystaat in die hartjie van Londen kan ervaar – nog lank voort te sit.



Die Expat Group was die hoofborg van die aand. Hier is Jakes Maritz, bestuurder van die Expat Group, saam met Liezl Colditz, reünie-organiseerder. Ander borge was Dynarc Finansiële Dienste en die Universiteit van die Vrystaat.



elkeen 'n Universiteitserp ontvang.

## Annanda wil 'n verskil maak

Annanda Fick het op 1 Julie 2006 diens aanvaar as Senior Bemarkingsbeampte: Alumni, by UV Bemarking. Volgens haar bied die posisie vir haar besondere uitdagings en sy is entoesiasties oor die waarde wat sy tot die ontwikkeling en uitbouing van die UV-Alumni kan bydra.

Sy het aan die Eunice Girls Secondary School (Bloemfontein) gematrikuleer en die grade B. Com. (Bemarking) en B. Com. Hons (Bemarking) aan die UV verwerf. Annanda was voorheen betrokke by Farmovs Parexel en die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat.

Haar lewensfilosofie berus op die feit dat die lewe onafwendbaar goed en sleg is; mooi en lelik; kosbaar en verganklik – dit kan nie verander word nie. "Dit is egter hoe hierdie teenstrydighede 'n mens se karakter vorm wat tel en wat jou lewenshouding en toekoms bepaal," sê Annanda.

## Maak 'n draai by elektroniese nuusbrief

Ten einde laaste. UV-Bemarking se lang verwagte elektroniese nuusbrief aan alle oud-Kovsies is weer aan die einde van Augustus hervat. Daar is tans 5 000 alumni wat dié nuusbrief ontvang. Hierin ontvang jy die jongste alumni-nuus sowel as inligting oor kampusgebeure. Indien jy dit wil ontvang, stuur jou volle naam en van, studente/ID-nommer en jou selfoonnommer sowel as e-posadres aan alumni@mail.uovs.ac.za. Die Alumni-kantoor nooi ook alle oud-Kovsies om hierdie maandelikse kommunikasiekanaal na behore te benut. Moet dus nie huiwer om jou mening hierin te lug nie. Stuur jou opinies, artikels en advertensies na alumni@mail.uovs.ac.za of faks na 051 401 3758.

### Gholfdag om die draai

Dis weer tyd vir die Alumni van die Universiteit van die Vrystaat se jaarlikse gholfdag in Bloemfontein. Die gholfdag word vanjaar op Vrydag 3 November 2006 by die Bloemfontein-gholfklub gehou. Alle gholfspelers word hartlik uitgenooi na die Kovsie-Alumni Gholfdag. Na afloop van die gholfdag en samelopend met die prysuitdelingsfunksie kan oud-Kovsies uitsien na 'n heerlike reünie. Vir meer inligting besoek ons webwerf by www.uovs.ac.za en klik op "Alumni" – "Reünies" of skakel Annanda Fick by 051 401 3382.

### Book now for golf day

The University of the Free State's Kovsie Alumni Golf Day is just around the corner. This year the golf day will take place on Friday, 3 November 2006 at the Bloemfontein Golf Club. All golf players are cordially invited to the Kovsie-Alumni Golf Day. After this year's golf day there will be a reunion of all Kovsie Alumni. For more information visit our website at www.uovs.ac.za and click on "Alumni" – "Reunions" or contact Annanda Fick at (051) 401-3382.

### Kaapse Kovsies kan ook afslaan

Alle oud-Kovsies in die Kaap en omgewing moet 10 November 2006 in hul dagboeke aanteken vir die Kaapse Gholfdag op die Bellville-gholfbaan. Dié dag en reünie beloof om onvergeetlik te wees.

Meer inligting aangaande ander geskeduleerde gholfdae en reüniedatums is maklik verkrygbaar op ons webwerf, www.uovs.ac.za. Klik op "Alumni" – "Reünies" of kontak Annanda Fick by (051) 401 3382.

# Sapcor-gholfdag weer 'n groot sukses

Sapcor se baie gewilde Liefdadigheidsgholfdag vir oud-Kovsies is op 19 Mei 2006 by die Silver Lakes Gholfbaan, oos van Pretoria, aangebied. 'n Vol veld van 140 oud-Kovsies en ander vriende van Sapcor en die UV het saam met 18 bekende sportmanne aangetree vir die dag se gholf en teen die aand was almal dit eens dat dié gholfdag elke jaar van krag tot krag gaan en 'n hoogtepunt op die Kovsie-kalender geword het.

Die gholfdag is die eerste keer in 2002 by die Zwartkopsbaan gehou op inisiatief van mnr. Dolph Lombard, groep- uitvoerende beampte van Sapcor, daarna in 2003 by Silver Lakes en toe vir twee jaar by die Woodhill Country Club. Die inkomste uit die dag se gholf is weer soos in die verlede verdeel tussen die liggaamlik-gestremde klein Tiaan Huyzers en die Kovsie Alumni Trust. Die mooi bedrag van R25 000 is hierdie jaar deur Sapcor geskenk vir aanwending deur die Raad van Trustees.

Onder die bekende sportmanne wat goedgunstig ingestem het om die dag saam te speel, tel Springbok-legendes soos Frik du Preez (wat ook die aand as gasspreker opgetree het en die gholf gewen het!), André Venter, Gysie Pienaar, Gerrie Germishuis, Jannie de Beer, Henning van Aswegen, Friedrich Lombard en Jannie Breedt terwyl Corrie Sanders en Kallie Knoetze die stokke, eerder as die vuiste laat praat het.



By Sapcor se gholfdag was van links: André Venter, Dolph Lombard, Gerrie Germishuis, Dolf Lombard (senior) en Frik du Preez.

Sapcor dra verder by tot die Kovsie Alumni Trust deur spesiale voordele ten opsigte van korttermynversekering en ander finansiële dienste aan lede van die trust te gee en ook 20% van alle kommissie wat so verdien word, kumulatief maandeliks aan die trust terug te betaal. Op die wyse het die trust reeds ongeveer R47 000 van Sapcor ontvang en word 'n beurs of beurse vir Kovsie-studente wat gestremd is, in die vooruitsig gestel.

## Lucas has a passion for the UFS

Setlogelo Lucas Radebe, the new Alumni officer, was born in Thaba 'Nchu. He graduated with a B.A Communications degree, majoring in Psychology, Industrial Communications and Communications. He says: "It would have been a natural choice to pursue psychology, but my aspirations will be better achieved through public relations and marketing. My aim in this position is to liaise with different branches and come up with events that will enhance Kovsies' image as achievers. It is also to see black alumni taking part in the issues of the university. I have a passion for this university and would like to share it with whoever crosses my path."

## Kathy appointed at Kovsie Bequests



Kathy Verwey

Mrs Kathy Verwey was appointed at UFS Marketing as Senior Officer: Bequests. She is originally from Bloemfontein. She obtained her B.A. Communication degree from the University of the Free State. During her career she worked in the private sector as well as the Bloemfontein Publicity Association. She is married to Kobus, an old Kovsie, practicing as a lawyer in Bloemfontein. The couple has 3 boys.

The purpose of the Kovsie Bequest Society is to make old Kovsies and friends of the university aware of bequests and also to recognise those persons who make the decision to leave a bequest to the University of the Free State.

## Teken solank aan

**Maak nou al 'n aantekening in u dagboek vir die volgende alumni-toekennings wat deur die nasionale bestuur van die Kovsie-Alumnibond gemaak word. Die dinee is Vrydag 2 Maart 2007 en die nasionale bestuursvergadering is Saterdag 3 Maart 2007.**

# Welcome to two newcomers



The chairman of the Kovsie Alumni Association visited the two new Alumni officers at the Wekkie Saayman Building, which houses UFS Marketing. From the left are: Mr Lucas Radebe, Ms Annanda Fick and Mr Naudé de Klerk, the national executive chairman.

# New alumni committee for Goldfields elected



The Kovsie Alumni Association held a reunion at the Goldfields Casino. Graduates of the University of Free State had the opportunity to learn about the operation of the Alumni Relations office. They were also briefed on the new developments taking place at the university. The Goldfields alumni committee, that will work closely with the alumni office, was also elected. Members of the committee are, from left the: Ms Tlalane Makhanya, vice chairperson, Mr Makalo Tladi, additional member, Ms Tebello Madlala, secretary and Mr Moeketsi Dlamini, chairperson.

## Benoem vir hierdie toekennings

Dit is weer tyd vir oud-Kovsies om individue te benoem vir die drie Kovsie-Alumni-toekennings wat jaarliks gemaak word.

- **Die Oud-Kovsie van die Jaar-toekenning** word aan 'n oud-Kovsie gemaak wat hoogstaande prestasie op nasionale of internasionale vlak gelewer het. Die persoon moet nog lewe.
- **Die Cum Laude-toekenning** word van tyd tot tyd gemaak aan enige alumnus vir uitstaande diens of prestasie op plaaslike, nasionale of internasionale vlak in sy/haar spesifieke beroepsterrein.
- Die **Alumni-toekenning vir Uitsonderlike Diens** aan die UV word van tyd tot tyd gemaak aan enige persoon (nie noodwendig 'n alumnus nie) wat voortreflike diens aan die universiteit lewer/gelewer het.

Skriftelike benoemings kan deur enige alumnus, ondersteun deur ten minste vyf sekondante wat ook alumni is, gedoen word. Dit moet vergesel wees van 'n deeglike motivering en 'n bondige curriculum vitae van die voorgestelde persoon. Die kandidaat wat voorgestel word se volledige adres sowel as telefoonnommer moet ook verskaf word.

Stuur nominasies aan: Annanda Fick, Alumni-toekennings, Posbus 2319, Bloemfontein 9300. Die sluitingsdatum vir die nominasies is Vrydag 3 November 2006.

# Nou weet almal waar die 'blou' vandaan kom




Ek word so baie gevra: "Nou waar kom die naam Blou Willem vandaan?" en dan wens ek altyd ek kan een of ander eksotiese verduideliking gee, maar ek kan nie. Nee, ek is nie Blou omdat ek vir die Bloues skree of geskree het, in 'n bekende bloufilm die hoofrol gespeel het of 'n blouwildebees bloots gery het voor 'n aanstormende trop leeus uit nie. Nee, dis soos gewoonlik maar weer 'n koshuisstorie. Maar eers net ietsie oor byname in die algemeen.

Met my omswerwinge ontmoet ek baie "nuwe", jong oud-Kovsies en dan bel ek dadelik my dogters om te sê ou Jan, Koos, Henning, Thys of Jaco sê groete. Dan is daar gewoonlik so 'n lang stilte en dan kom die onvermydelike vraag: "Het hy nie vir Pa gesê wat sy bynaam in die koshuis was nie?" En dan gaan ek maar terug na daai outjie in Johannesburg toe en as ek dan met die antwoord by Sus kom, naamlik Rooi Jan, Orrel, Ystermuis, Jan Lekkers, Jan Grappies of Konyn, dan's daar 'n gil van herkenning en die beskuldiging: "Hoekom het Pa nie van die begin af gesê dis Konyn nie?!"

Onder die ouer oud-Kovsies is 'n bynaam soms bietjie van 'n toffie, want jy bel 'n ou waarvan jy net die bynaam het en dan hoor jy sommer so aan die ou se stem hy wat 'n pilaar in sy gemeenskap is, wil nou nie eintlik meer na dertig jaar aangespreek word as Vettie, Fiefie, Draadkar of Ghriespomp nie. Maar gelukkig dra manne soos Paal Pretorius daai bynaam van hom lewenslank met trots, want wie sal nou na al die jare weet van wie ons praat as ou Paal skielik daar by die gholf Koos of Jan Pretorius sou word?! (Wat's jou regte naam in elk geval, Paal?)

En kan jy jou dit indink as jy met al die plekname wat in ons ou landjie verander, nog jou ou koshuis pelle êrens op hulle doopname moet gaan soek! So hou wat julle het Skillie, Pot, Allas, Flash, Shortie, Ysterkop, Oupa, Chopper, Daiz, Oorlog, Pilot, Pous, Padré, Wors, Moefie, Zonk, Boerbok, Beer, Stompie, Botter, Loepie, Die Mens, Dier, Skammat, Kapous, Toffie, Doons, Kop, Spice, Pokkels, Dagga, Veldmuis, Goofy, Plattie, Kadawer, Cheetah en enige ander oud-Reitzman wat ek dalk oorgeslaan het. (Ja, daar is nog baie en ek het nog nie eers begin met ander koshuise nie!)

O ja, waar my Blou vandaan kom? In 1973 besluit 'n afvallige faksie Reitzmanne dat Reitz se tradisionele blou trui terstond vervang moet word met 'n wit trui omdat ons kwansuis nuwe truie nodig het en ons Vrydagaande op Pelliespark onder spreiligte gaan begin speel. Kastig ook sodat ons ons manne beter in die wit trui sal kan sien. Omdat ek maar 'n ou sentimentele tradisionalis is en was, veg ek die wit trui toe met 'n passie. En behalwe vir tradisie maak dit mos nie sin om met 'n trui te speel waarin jou teenstanders jou ook beter sal kan sien nie. Jy wil mos juis so onsigbaar as moontlik op 'n rugbyveld wees (vra maar vir Schalk Burger en Jake White).

In elk geval, na 'n week se ge-"lobby" vir die behoud van die blou trui, moet ons toe stem en tydens een van die langste huisvergaderings ooit, verloor ons bloues toe hartverskeurend met ses skamele stemme teen wit. En toe staan 'n ou (wie, kon ek nooit agterna onthou nie) op en sê: "Meneer die Stoel, ek wil net voorstel dat daai donner die res van sy natuurlike lewe bekend sal staan as Blou Willem." En so was dit toe. Ai , en wat 'n naam om in Tshwanetoria mee te lewe!

Blou Willem

# Donateurs

## Goue donateurs

696. Mnr. Cobus Coetzee, Joernalis, Linden
980. Mnr. Nico Vreken, Argitek, Knysna
981. Mnr. James van der Linde, Bestuurder, Knysna
982. Mnr. Johan Coomans, Sakeman, George
983. Mnr. Fanie Beukes, Sakeman, George
984. Mnr. Paul Louw, Stadsbeplanner, George
985. Mev. Christa Viljoen, Rekenmeester, George
986. Mnr. Dirk Goussard, Prokureur, George
987. Mnr. Francois Sieberhagen, Argitek, George
988. Mnr. Johann Landman, Sakeman, Oudtshoorn
989. Me Linda Robertson, Eiendom, Klein Brakrivier
990. Mnr. Hanno Krüger, Sakeman, George
991. Mnr. Jurie Human, Bourekenaar, Kimberley
992. Mnr. NJ van der Westhuizen, Bourekenaar, Roodepoort
993. Mnr. Ryno Pieterse, Bourekenaar, Vanderbijlpark
994. Mnr. Marius Foot, Menslike Hulpbron-praktisyn, Bloemfontein
995. Mnr. Nico van Niekerk, Bourekenaar, Bloemfontein
996. Mnr. Reaan Immelman, Bankwese, Noordheuwel
997. Me Paulina Lebatsa, Bode: UV, Bloemfontein
998. Me Tumelo Keele, Bemarker, Bloemfontein
999. Dr. Kobus Ungerer, Patoloog, Mooikloof
1000. Mnr. Johannes Louw, Bourekenaar, Johannesburg
1001. Mnr. Prieur Lourens, Bourekenaar, Johannesburg
1002. Mnr. Stefan Luüs, Bourekenaar, Johannesburg
1003. Mnr. Jaco du Preez, Bourekenaar, Johannesburg
1004. Mev. Mari Coulter, Programbestuurder, Wilgeheuwel
1005. Mnr. Wietsche du Preez, Handelaar, Sandton
1006. Dr. DJ Kleingeld, Mediese dokter, Trompsburg
1007. Mnr. Piet van Zyl, Sakeman, Pretoria
1008. Mnr. Walter van den Berg, Bourekenaar, Brits
1009. Mej. Marita van Assenderp, Menslike Hulpbronbestuurder, Meyerton
1010. Mnr. Gert Nieuwoudt, Prinsipaal, Welkom
1011. Mnr. Michael Minnaar, Bourekenaar, Rivonia
1012. Mnr. Willem Pretorius, Boer, De Brug
1013. Mnr. Orion Theron, Streeksbestuurder, Pretoria
1014. Mnr. Johann Klopper, Eiendomsadministrateur, Lyttelton
1015. Mnr. BS Vorster, Bourekenaar, Braamfontein
1016. Ds. Gretha Heymans, Predikant, Bloemfontein

## Prestige-donateurs

550. Mnr. Roelf Alberts, Sakeman, Pretoria
631. Mnr. Stef Ferreira, Kommunikasie-konsultant, Pretoria
557. Adv. Piet de Jager, Advokaat, Pretoria
1138. Mnr. Lukie Liebenberg, Boukontrakteur, Mosselbaai
1139. Mnr. Org Müller, Argitek, Johannesburg
1140. Dr. Jaco Jordaan, Mediese dokter, Oudtshoorn
1141. Me Sanél Havenga, Gereg Verpleegkundige, Mosselbaai
1142. Dr. Douwe Vellema, Ginekoloog, George
1143. Mnr. Nico Klinck, Eiendomme, Groot Brakrivier
1144. Prof. Hans Potgieter, Mikrobioloog (afgetree), Klein Brakrivier
1145. Mnr. Wilhelm Hanekom, Sakeman, Knysna
1146. Mnr. Hendri van der Merwe, Boukontrakteur, Knysna
1147. Mnr. Marius de Bruyn, Fisioterapeut, Rustenburg
1148. Dr. Johan Hagen, Narkotiseur, Klerksdorp
1149. Dr. Nico Kritzinger, Mediese dokter, Klerksdorp
1150. Dr. Sarel Kritzinger, Mediese dokter, Klerksdorp
1151. Mnr. Pieter Meiring, Oogkundige, Klerksdorp
1152. Mnr. Gert Mills, Verkoopsbestuurder, Centurion
1153. Mnr. Dawie Vosloo, Sakeman, Bloemfontein
1154. Mnr. Daan Roberts, Prokureur, Bloemfontein
1155. Mnr. Carel Koen, Bourekenaar, Rustenburg
1156. Prof. Jan van der Westhuizen, Professor: Chemie, Bloemfontein
1157. Mnr. Deon van Riet, Bourekenaar, Waterkloof
1158. Mr. Lucas Radebe, Bemarker: UV-Alumni, Bloemfontein
1159. Dr. Piet Engelbrecht, Ortopediese Chirurg, Lynnwoodrif
1160. Dr. Mada Ferreira, Patoloog, Lynnwood
1161. Mnr. Luther Erasmus, Sakeman, Pretoria
1162. Mnr. Johan Kotze, Staatsamptenaar, Pretoria
1163. Mnr. Phillip Louw, Sakeman, Klerksdorp
1164. Dr. Isak Slabbert, Mediese dokter, Welkom
1165. Mnr. Christo Stockenström, Prokureur, Pretoria
1166. Adv. Nantes Diedericks, Advokaat, Pretoria
1167. Dr. Nico van der Merwe, Kardioloog, Bloemfontein
1168. Mnr. Seef Vermaak, Geoloog, Rustenburg
1169. Mnr. Danie van Wyk, Sakeman, Montanapark
1170. Dr. E Elliott, Patoloog, Garsfontein-Oos
1171. Dr. Reinette Bester, Pediater, Randfontein
1172. Dr. Piet Botha, Ortopeed, Randfontein
1173. Dr. Katinka Botha, Mediese dokter, Bloemfontein
1174. Mnr. Francois Coetsee, Bemarkingshoof, Wierda Park
1175. Mnr. Shaun de Jager, Ekonoom, Pretoria
1176. Dr. Dawie de Villiers, Mediese dokter, Pretoria
1177. Dr. Alida Fouché, Mediese dokter, Bloemfontein
1178. Mnr. André Greyling, Streeksbestuurder, Bloemfontein
1179. Me Marlise Horn, Konsultant, Centurion
1180. Dr. Deo Kritzinger, Bedryfsgeneesheer, Klerksdorp
1181. Dr. Casper Kruger, Algemene Bestuurder, Pretoria
1182. Mnr. Frikkie Kruger, Boer, Boshof
1183. Mnr. Herman Visser, Sakeman, Strand
1184. Mnr. Henk Viljoen, Prokureur, Randburg
1185. Ds. Kobus Vermeulen, Predikant, Vrede
1186. Komm. André Pruis, Adj. Nasionale Kommissaris, Pretoria
1187. Mnr. Jan Pretorius, Prokureur, Pretoria
1188. Mnr. Gerhardt Ploos van Amstel, Prokureur, Pretoria
1189. Prof. Danie Marx, Prof.: Kardiologie, Bloemfontein
1190. Mnr. Eugene Pienaar, Sakeman, Middelburg
1191. Ds. Japie Taljaard, Predikant, Colesberg
1192. Mnr. Sakkie Smith, Prokureur, Rustenburg
1193. Mnr. Wessel Sauermann, Hoof Finansiële Beampte, Indië

## Platinum-donateurs

231. Adv. Julie Seton, Advokaat, Knysna
232. Mnr. Danie Acker, Prokureur, Mosselbaai
233. Mev. Alta le Roux, Trustee, Wierdapark
234. Dr. Pieter Genis, Radioloog, Rustenburg
235. Mnr. Max Weiss, Prokureur, Rustenburg
236. Dr. Riaan Joubert, Algemene Chirurg, Randfontein
237. Mnr. Stefan Fourie, Uitvoerende Direkteur, Pretoria
238. Mnr. Hoffman Geyer, Hoof: Menslike Hulpbronne, Pretoria
239. Mnr. Dennis Graham, Geoktrooieerde Rekenmeester, Klerksdorp
240. Mnr. John O'Connor, Prokureur, Johannesburg
241. Regter Faan Hancke, Regter, Bloemfontein

## Diamant-donateurs

54. Dr. Hennie Pretorius, Mediese dokter, George
55. Dr. Abré Oberholster, Mediese dokter, Heiderand
56. Mnr. Raymond de Villiers, Rekenmeester, Bloemfontein
57. Dr. Solly Preller, Sakeman, Erasmusrand
58. Dr. Albert Viljoen, Neurochirurg, Pretoria

MAG-mail

Permit Mail
P 4012204
SOUTH AFRICA
PrintAbility
AFRICA'S FINEST PRINTERS

E-mail reply: alumni@mail.uovs.ac.za
Return address: Dawid Kriel, P O Box 2319, Bloemfontein 9300

# 1904

## Universiteit van die Vrystaat

## University of the Free State

IN DEO SAPIENTIAE LUX